# Vakbondprofiele

**Political ideologies and South African Trade Unions: A profile**

G C Marais en A S de Villiers onder redakteurskap van J A Slabbert

Liaison Human Resources Management Services (Edms) Bpk, Posbus 91335, Auckland Park, 2006.

Hierdie boek is die tweede werk van ensiklopediese-omvang wat vanjaar verskyn het onder redakteurskap van 'n RAU-personeellid, Prof Kobus Slabbert, professor in Arbeidsverhoudinge. G C Marais en A S de Villiers is twee navorsers wat onder sy leiding werk.

Die doel met die boek is om inligting oor vakbonde, vakbondfederasies en politieke bewegings waarmee vakbonde geaffilieer of geassosieer word aan werkgewers te verskaf wat hulle in staat behoort te stel om die bewegings en hul motiewe beter te verstaan. Dergelike kennis stel werkgewers dan ook in staat om beter besluite met betrekking tot die bestuur van arbeidsverhoudinge te kan maak.

Die vakbondtoneel in Suid-Afrika word tans oorheers deur die omvang en aktiwiteite van die grootste vakbondfederasie naamlik Cosatu. Om die optrede van Cosatu te verstaan het die skrywers 'n omvangryke hoofstuk geskryf oor die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en die invloed wat die party tot dusver gehad het op die vorming van menings van Cosatu-vakbonde. Dieselfde ontleding is gedoen van die ANC, die UDF, die MDM en SACTU. Hierdie inligting word nie bloot histories aanmekaar geryg nie, maar die bedrygings en uitdagings van elkeen vir bestuur word uitgespel.

Die res van die boek word opgeneem deur volledige profiele van Cosatu, Nactu, Azapo, Azactu, Uwusa en SAKVA en profiele van die vakbonde wat met hierdie organisasies geaffilieer is.

Wanneer 'n mens hierdie profiele lees kry jy 'n goeie indruk van die persoonlikhede agter die bewegings en organisasies sowel as van hulle doelstellings.

Die grootste meriete van die boek is in terme van die volgende drie aspekte:

(i) Die volledigheid van inligting oor die radikale politieke bewegings, vakbondfederasies en vakbonde. Die inligting is nie slegs volledig nie maar ook is die mees onlangse bronne van so nuut as 1989 geraadpleeg. Met die ontbanning van die ANC is talle dokumente wat as geheim geklassifiseer was natuurlik nou ontsluit.
(ii) Inligting is nie bloot op 'n adhoc-basis voorsien nie, maar is sinvol geïntegreer, en wat meer is, dit is ook geïnterpreteer. Die leser kan dus met min moeite die essensie van die inligting of gebeure snap.
(iii) Omdat die inligting ook geïnterpreteer is, stel dit besture in staat om strategiese beplanning in arbeidsverhoudinge te kan doen. Noudat hy sy opponent leer ken het, kan hy sy onderhandelingsstrategieë behoorlik beplan. Daar kan dus pro-aktief opgetree word deur betyds die nodige arbeidsverhoudingestelsel en prosedures te kan instel.

Dit is 'n losbladbundel.

Die bekendstellingsprys is R451,47 wat AVB insluit sowel as die koste van opdatering elke ses maande vir een jaar.

PROF LUTHER BACKER
DEPARTEMENT MENSLIKE HULPBRONBESTUUR
RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT